



Artikel 36 vervolg

en vir hulle voorbidding te doen dat die Here hulle in al hulle handeling mag bestuur, sodat ons in alle godsvrug en eerbaarheid 'n rustige en stil lewe kan lei (1 Tim. 2:1-2).

"Ek dring daarop aan dat daar in die eerste plek met smeking, voorbidding en danksegging gebid moet word vir alle mense, vir dié wat regeer en vir almal wat gesag uitoefen, sodat ons 'n rustige en stil lewe kan lei in volkome toewyding aan God en in alle eerbaarheid." Om te bid vir die owerheid, is om te bid vir goeie eie omstandighede. Paulus se brief aan Timoteus is geskryf onder die Romeinse regering, 'n regering wat allermens as Christelik beskryf kan word. Guido de Bres skryf die NGB te midde van die mag wat Rome en die pous het in die destydse Europa. Om vir die owerhede te bid, is om te vra dat die mense in mag so sal regeer, so besluite sal neem, dat gelowiges in hulle diens aan God kan volhard. Dit is moontlik om 'n eerbare lewe te lei, selfs wanneer die regering van 'n ander geloof is. Dit is vir regeerders moontlik om so te regeer dat Christene hulle geloof kan uitleef, en op eerbare manier bydra tot die vooruitgang van die gemeenskap. Die ideaal is dat die regering openlik Christelik sal wees, maar dit is nie noodsaaklik nie. Om te bid vir die owerheid is om te bid vir 'n vreedsame gemeenskap.

Hierin verfoei ons die Wederdopers en ander oproerige mense en in die algemeen almal wat die owerheidsgezag en regeerders wil

verwerp en die regsorde omver wil stoot,

Daar is in die vorige gedeelte uitvoerig aandag geskenk aan die Anabaptiste en die Munster skandes. Dit is vanselfsprekend dat regdenkende mense hulle van sodanige episodes sal distansieer, veral omdat Rome 'n kousale lyn tussen die Reformasie en die Wederdopers wou trek. Die Protestante het ook plaaslike regering ondersteun, eerder as gediensigheid aan die pous in Rome. Hulle moes daarom hulle getroue burgerskap bevestig in hulle stryd met Rome. Die Wederdopers "en ander oproerige mense" was nie deel van die Reformasie nie. Die byvoeging van ander oproeriges is nodig geag om dit duidelik te maak dat die Protestante alles behalwe oproerig wou wees. Die NGB wil die Reformasie stel teenoor enige persoon of groep wat gesag omver wil stoot of enige regering wil verwerp.

Oproerigheid kweek 'n spiraal van geweld wat altyd verdiep in erns en skade. Vandag se betoging het môre nie dieselfde reaksie nie. Nee, daar moet meer gebrand, geskreeu, verniel word om dieselfde reaksie af te dwing. Die terreur van massa betogings en geforseerde owerheid gehoorsaamheid is duidelik aan te dui in die RSA van 2019.

Dit is 'n belangrike saak om te onthou: die Anabaptiste wou hulle eskatologiese idees in hierdie bedeling toepas. Regerings sal hier wees tot en met die wederkoms. Enige regering wat onttroon word, sal deur 'n volgende regering vervang word, en in die meeste gevalle

tot almal se skade en skande. Enkele voorbeelde sal voldoende wees. Die Russiese revolusie het die Tsaar se regering met Bolsjevisme vervang en onder Lenin is 50 miljoen mense dood. Die regering in Sjina is deur kommuniste vervang en 80 miljoen mense het gesterf. Fidel Castro het die regering in Kuba oorgeneem en die land in agterlikheid gedompel.

terwyl hulle die gemeenskaplike besit van goedere invoer

Dit is 'n aanklag teen ons tyd dat daar vervolgens soveel woorde en tyd aan hierdie sinsnede afgestaan gaan word. Die Bybel ondersteun geen ekonomiese sisteem nie. Kapitalisme, sosialisme, kommunisme, kommunale besit en enige ander vorm van ekonomiese sisteem word by hierdie stelling ingesluit. Tog is daar sekere beginsels in die Bybel wat ten alle tye eerbiedig moet word. Nie alle ekonomiese sisteme doen dit nie. Wat staan daar in die Bybel? Watter beginsels kan ons aflei?

God het die aarde en alles daarop aan die mens toevertrou. Ons as mense is verantwoordelik vir dit wat op hierdie aarde gebeur. Dit sluit in ons optrede met en teenoor alles in die skepping. Abram, later Abraham het van een land na 'n ander gegaan. Grense was reeds vroeg daar. Hy het 'n stuk grond gekoop om Sara in te kan begrawe. Daardie grond het aan iemand behoort en is toe oorgedra as eiendom aan Abraham. (Genesis 23:17-23). Die geskiedenis, nie net in die Bybel nie, maar ook uit ander bronne, is met ander woorde duidelik. Eiendomsreg was vroeg reeds die vorm waarin rentmeesterskap uitgeleef is. Grond as eiendom is bekom

deur dit te erf as geskenk te ontvang, deur dit te koop of deur militêre oorwinning. Dit het met ander woorde nie skielik aan niemand behoort nie (dit behoort eintlik altyd aan God). Daar was natuurlik groot stukke aarde wat aan geen mens behoort het nie, soos in groot dele van Afrika en die Amerika's waar niemand gewoon het nie. Die Israeliete was slawe in Egipte; hulle was die Farao se eiendom.

Die agtste gebod is van belang om hierdie saak van besit reg te verstaan. Al was daar van meet af aan die beginsel van grondbesit asook ander vorme van besit, het die Tien Gebooe die saak gekodifiseer. "Jy mag nie steel nie", verwoord eiendomsreg. Indien alles aan niemand behoort, kan jy tog nie steel nie. Eienaarskap as individuele saak word deur hierdie gebod bevestig. Nie eens die staat mag steel nie. Gaan lees maar weer die geskiedenis van Nabot se wingerd (I Konings 21). Grense is belangrik geag. Deuteronomium 27:17: *"Daar rus 'n vloek op elkeen wat die grenslyn van sy buurman verlê! Dan moet die hele volk antwoord: 'Amen!'"*

In aansluiting by die laaste paragraaf. Die eerbaarheid wat genoem word sluit in die besit van eiendom en goedere. Gemeenskaplike besit het ook direkte impak op rentmeesterskap. Indien almal se eiendom niemand se eiendom word nie, dan is niemand verantwoordelik nie en dan raak die eiendom in verval.

en die eerbaarheid wat God onder die mense ingestel het, versteur.

Die eerbaarheid wat hier ter sprake is, is in die eerste instansie die morele optrede van mense. Die veelwywery en

onbeteuelde optredes in Munster is reeds uitgewys. Dit gaan egter oor meer as net hierdie sake en juis daarom word die saak so vaag geformuleer. God het 'n morele standaard daargestel wat in enige gemeenskap die produk van goeie regering is. Indien die owerheid nie gehoorsaam word nie, is die impak tot op voetsoolvlak sigbaar. Opstand teen die regering het met ander woorde ook 'n baie wyer impak.

As voorbeeld: Die eerste drie stofstrepe wat links van jou verby sal jaag deur die verkeersknoop gaan die van taxi bestuurders wees, maar so teen die vierde voertuig gaan dit 'n tannie wees wat ook nou van die sypaadjie 'n ekstra baan maak.